

## Hans den Besten, Frans Hinskens & Jerzy Koch (reds)

### *Afrikaans: Een drieluik*

Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU

Münster: Nodus Publikationen, 2009

255 pp. ISBN/EAN: 978-90-8880-010-8, 978-3-89323-758-6

Die bydraes in *Afrikaans: Een drieluik* spruit voort uit lesings wat in September 2000 tydens die (Eerste) Europese Workshop Afrikaans Extra Muros aan die Universiteit van Leipzig gelewer is. Op 'n inleidende artikel deur Frans Hinskens volg daar 'n drieluik van drie afdelings: kulturele identiteit, letterkunde en taalkunde, met onderskeidelik drie, drie en ses artikels in vier tale: Afrikaans, Nederlands, Duits en Engels. Die bundel is opgedra aan een van die bydraers, Carla Luijks, wat einde 2001 oorlede is en wie se bydrae finaal bewerk is deur Hans den Besten en Frans Hinskens.

In sy inleiding kontekstualiseer Hinskens Afrikaans binne 'n oorsigtelike geskiedenis van Suid-Afrika, dui hy Afrikaans se plek binne die huidige tale-opset in die land aan en gaan hy kortliks in op die moontlikheid van taalverskuiwing ten nadele van Afrikaans. In 'n afdeling oor taalkontak, met 'n kort oorsig oor die vernaamste ontstaansteorieë, word vrae soos Afrikaans as voortsetting van variëteite van Nederlands teenoor Afrikaans as deels gekreoliseerde taal aan die orde gestel met talle heenwysings na die taalkundige artikels in die res van die bundel. Hinskens staan uitvoerig stil by veral fonologiese en morfologiese variasie in Afrikaans en verskillende variëteite van die taal, en konstateer dat dit lyk asof elke verskynsel sy eie ewewig tussen die eksterne faktor van taalkontak en interne motivering gehad het.

Vir die letterkunde stel hy 'n afbakening in verskillende tydperke in samehang met historiese ontwikkelings voor, vanaf die vroeë koloniale tyd tot by die letterkunde van na 1990, en hy spreek die vermoede uit dat die Afrikaanse letterkunde in 'n hoër mate as ander letterkundes 'n spieël van 'n veranderende samelewing is.

Abraham de Vries open die afdeling oor kulturele identiteit met 'n artikel ("Die tinkie en die reënboog") wat handel oor die spanning tussen die globale – globalisering – en die plaaslike. Ofskoon daar in die afgelope dekades sprake is van verreikende ontmensliking, is daar tog volgens hom tekens van 'n groter belangstelling in die plaaslike, die menslike, die hanteerbare as teenreaksie – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Nederland.

In wat hy die “era van die Groot Gesprek” noem, onderskei De Vries ’n aantal spanningsvelde. Daar is eerstens die spanning tussen die Eurosentriese en die Afrosentriese. Teen die einde van die 19<sup>de</sup> eeu en vroeg in die 20<sup>ste</sup> is daar baie San- en ander Afrikaverhale in Afrikaanse tydskrifte geplaas, maar toenemende verstedeliking en die skeiding wat apartheid meegebring het, het die Afrika-inhoud grootliks verminder. As ’n skrywer soos Jan Rabie, met sterk Europese én Afrika-invloede, in die laat 20<sup>ste</sup> eeu vir “minder Europa, meer Afrika” (den Besten et al. 2009: 42) in die letterkunde pleit, beoog hy eintlik ’n herstel van die balans.

’n Tweede spanningsverhouding vind ons tussen Afrikaans as apartheidstaal en Afrikaans as menstaal. De Vries wys op die drang by baie om met Afrikaans te identifiseer los van rasseoorwegings, en met name op bruin sprekers en skrywers se pogings om met Afrikaans as hulle moedertaal te identifiseer, maar los van ‘Afrikaner-’ en ’n deur apartheid opgelegde identiteit.

Derdens verkeer demokrasie en moedertaal in ’n spanningsrelasie. Die Afrikaansspreekende staan voor die keuse om enersyds onvoorwaardelik by die demokratiese proses in te skakel of andersyds deel te neem met behoud van sy taalidentiteit, wat ook Afrikaanse skole, hoër onderwys, radio, televisie, ens. insluit, maar uiteraard sonder behoud van die vroeëre groepsbevoorregting. Eersgenoemde is begryplik in die lig van eeue se verontregting, maar beweeg al hoe meer in die rigting van konformisme, eentaligheid, globalisering, ens., en al hoe verder van ’n plurale demokrasie. Gelukkig is daar nou al hoe meer individue – veral ook Afrikaansspreekendes uit die agtergestelde gemeenskappe – wat “stem gee aan gewone mense se klein geskiedenis” (den Besten et al. 2009: 44), wie se werk uitgegee word, wat literêre pryse verower, wat by Afrikaanse kunstefeeste optree, ens. Daar is ’n “nuwe verset” (den Besten et al. 2009: 45) in die letterkunde, nie net teen gesagsfigure en die apartheidrol van Afrikaans nie, maar ook teen die huidige *status quo*.

In haar artikel met die titel “Pidgin-kreoolse retensies en taalvermenging: identiteitsmerkers van die Afrikaanse dialekte en dialek-literatuur” – ’n artikel wat ewe goed in die taalkundeafdeling van die bundel tuishoort – beskryf Anna Coetzee twee kreoolgebaseerde variëteite van Afrikaans: Kaaps en Griekwa-Afrikaans. ’n Belangrike bydrae van die artikel is ’n oorsig, met baie voorbeelde, van weergawes van hierdie variëteite in die literatuur, en aanduidings van hoe die aard en status daarvan verander het oor byna twee eeue. Na die aanvanklike karikaturisering deur blanke skrywers in die 19<sup>de</sup> eeu, volg ’n meer simpatieke aanslag by die Dertigers. Later word al hoe minder van dialektiese vorme gebruik gemaak, maar in die tweede helfte van die 20<sup>ste</sup> eeu sorg mense soos Jan Spies en Ferdinand Deist vir dialektiese kleur en maak Hans du Plessis doelbewus van die Griekwa-idioom gebruik. Adam Small en P.J. Philander skryf hoofsaaklik Kaapse Afrikaans.

Die derde artikel in hierdie afdeling, van Paul Schutte, “Moontlike nieverbale spanning in die kommunikasie tussen Eurosentriese en Afrosentriese kulture,” wil ’n perspektief gee op tweedetaalonderrig deur Eurosentriese onderriggewers aan Afrosentriese leerders. Na aanleiding van ’n navorsingsprojek met studente van interkulturele kommunikasie ondersoek die skrywer spannings van ’n nieverbale aard wat kan optree in die kommunikasie tussen persone met Eurosentriese en Afrosentriese kultuuragtergronde.

Na 'n bespreking van die onderskeie kultuuragtergronde, die tipes spanning wat kan voorkom en die aard van nieverbale kommunikasie, word die navorsingsmetodiek uiteengesit. Die hoofsaaklik Eurosentriese studente het onderhoude gevoer met 153 respondente uit nege etniese groepe, in 'n spektrum vanaf persone met 'n landelike/tradisionele agtergrond tot diegene met 'n kosmopolitiese kultuur. Die resultaat is heelwat interessante – en in die lig van die Suid-Afrikaanse onderrigsituasie besonder waardevolle – inligting oor die aard, rol en betekenis van begroetings, gebare, oogkontak, persoonlike ruimte, spreektempo, -toonhoogte en -volume, en Eurosentriese teenoor 'Afrikatyd.' Dit blyk onder meer dat uiteenlopende interpretasies van dieselfde situasie – ook tussen Afro-sentriese groepe onderling – tot groot misverstand aanleiding kan gee.

Die letterkundeafdeling word geopen deur Paweł Zajas se artikel oor die beeld van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Poolse jeugliteratuur. Literatuur met hierdie oorlog as tema het aan die begin van die twintigste eeu verskyn in 'n tyd toe Pole onder vreemde heerskappy gestaan het en die bevordering van patriotiese gevoel en nasionale bewussyn van groot belang was. In 'n tyd toe jeugliteratuur meermale die rol van geskiedenis-handboeke gespeel het, kon konsepte wat uit 'n Poolse oogpunt belangrik was, vryelik in die jeugliteratuur oorgedra word omdat dit deur die verskillende besetters as minder belangrike literatuur beskou is en sodoende aan die sensuur ontsnap het.

Die meeste van die werke is vertalings uit Frans of Tsjeggies, maar daar is ook oorspronklike Poolse werke by, byvoorbeeld van Zofia Bukowiecka, destyds 'n bekende jeugverhaalskryfster, wat haar verhale in die vorm van briewe aan die redaksie van 'n bekende tydskrif aangebied het. Voorstellings van die oorlog wissel van vae voorstellings tot gedetailleerde beskrywings van bepaalde veldslae, en houdings loop uiteen van lofredes op Engelse superioriteit tot 'n bewondering van die Boere se moed. In sommige verhale kom ook geskiedenis-momente, soos die Groot Trek en die ontdekking van goud en diamante, ter sprake. Telkens word die Transvaalse en Vrystaatse situasie met dié in Pole vergelyk: Boeregeneraals met Poolse nasionale helde en hoe klein volkere aan die genade van die groot magte oorgelewer is.

In 'n tweede artikel gee Abraham de Vries 'n oorsig oor verskeie dekades van Afrikaanse kortverhale. Ofskoon skrywers soos André P. Brink, Etienne Leroux en Adam Small temas aangesny het of op 'n wyse behandel het wat deur die owerheid as subversief beskou is, is Sestig vir De Vries veral 'n *vormvernuwing*. Tematiese vernuwing kom pas met skrywers soos Hennie Aucamp, Henriëtte Grové en Breyten Breytenbach. In '70 en '80 word dit 'grensliteratuur,' wat spreek van 'n betrokkenheid by die oorlog, 'n kritiese ingesteldheid teenoor die oorlogsmasjien en vrae oor die morele regverdiging daarvan, die 'amptelike leuen' in verband met die SAWeermag se betrokkenheid in Angola en die marginalisering van die grenssoldaat.

In die politieke oorgangstydperk aan die begin van die Negentigerjare is die opkoms van vroueskrywers wat 'n feministiese perspektief gee, die 'bevryding van die gay-skrywer' en die verkryging van 'n stem vir die onderdrukte belangrike temas. '90 is ook die dekade van die vroueskrywers, met die herdefiniëring van vrou-wees asook van die beskermende vaderfiguur. Origens is dit ook wat De Vries "die tuiskoms van die oorlog"

noem: die gevaar en dreiging vir alle partye in die gemeenskaplike woon- en werkkring of omgewing (den Besten et al. 2009: 101).

'n Tendens wat laat in die Negentigerjare na vore kom, is aanvanklik die onbegrypbaarheid van Afrika vir die Westerling, sy ontuisheid in Afrika, maar later ook 'n versoening met Afrika en sy misterieuse, en 'n gebruikmaking van die irrasionele van Afrika.

In sy artikel "De etnische stereotypering in de Afrikaanse literatuurstudie" beveel Jerzy Koch 'n nuwe benadering tot die Afrikaanse literatuurstudie aan. Etniese stereotypering, wat steeds 'n belangrike rol op hierdie studieterrrein speel, behels 'n omskrywing van die 'vreemde' of 'andere,' dikwels vanuit die posisie van die blanke, maar ook hoe 'n groep homself in die lig hiervan probeer identifiseer. Die gevaar bestaan dat dit veral 'n negatiewe afgrensing bly, deurdat dit steeds deur ras en velkleur bepaal word. Vreemdheid word in Suid-Afrika bepaal deur opvallende rasse-, nasionale, godsdienstige of talige kenmerke, deur bestaande of vermeende verskille met ander volkere. Die vraag word gestel of ons nie, na die voorbeeld van Ferdinand de Saussure, die ondersoeksterrein moet verskuif na relasies, verhoudinge en verbande eerder as simptome, kenmerke en eienskappe nie. Enkele modelle van vreemdheid wat deur Poolse ondersoekers aan die hand gedoen word, word bespreek, byvoorbeeld Florian Znaniecki se gedagte dat daar geen objektiewe kriterium is waarvolgens die grense of mate van vreemdheid rasioneel bepaal kan word nie: daar moet voortdurend rekening gehou word met "de ervaringen en de handelingen van de menselijke subjecten zelf" (den Besten et al. 2009: 109).

Koch verwyf die Afrikaanse literatuurstudie dat hy hom te veel besig hou met enkele gevalle van wat etnies of in terme van ras beskryf en in terme van stigmatisering benader word, terwyl 'n belangrike kans gemis word om dieselfde gevalle in die kader van meer produktiewe sosiale konstellasies te benader. As voorbeeld van 'n ruimer benadering word na diskussies in die Karibies-Antillaanse sfeer verwys, waar kreoliseringsprosesse byvoorbeeld heenwys na 'n wêreld wat toenemend meer veelrassig en multikultureel word. Net so hoef die oorgelewerde of kunsmatig geskepte diversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing nie net as 'n tekortkoming of euwel gesien te word nie, maar juis as elemente wat bruikbaar of voordelig kan wees in 'n groter diskoers.

Ten slotte bepleit Koch 'n nuwe benadering, wat 'n meer fenomenologiese – bedoel word die fenomenologie van kultuur, etnografie en antropologie – of hermeneutiese benadering behels en waarvolgens meer geluister word na die werklikheid self as na die talige representasies daarvan; die perspektief dat die realiteit nie verklaar word vanuit die taal nie, maar vanuit sy eie ekspressiwiteit. Dit gaan om 'n vreemdheid wat nie alleen afstoot nie, maar ook fassineer, om 'n beklemtoning van die beeldende, aanskoulike en representatiewe karakter van die stereotipe.

In die eerste artikel in die taalkundeafdeling herbesoek Ernst Kotzé die adjektiewiese verbuiging in Afrikaans. As die verbuigingsstelsel in Standaardafrikaans met dié van 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlands vergelyk word, blyk dit dat eersgenoemde, ondanks die verdwyning van woordgeslag, selfs meer kompleks is as dié van laasgenoemde – 'n ontwikkelingsgang wat nie tipies is van kreoolse tale nie. In Afrikaans word verbuiging deur morfologiese faktore bepaal; dit kom by meermorfemige adjektiewe voor, terwyl dit by

eensillabige stamme deur die fonologiese bou daarvan bepaal word, soos onder meer blyk uit gedetailleerde studies van E.H. Raidt.

Die sisteem in Standaardafrikaans word vervolgens vergelyk met dié in Kaapse Vernakulêrafrikaans, spesifiek dié van die Maleiergemeenskap. Hierdie sisteem word selfs deur 'n groter gebruik van die *-e*-suffiks gekenmerk, byvoorbeeld in *'n ryke man*, *'n kleine bietjie*. Kotzé wys ook op die verbuiging van bywoorde en graadwoorde wanneer die adjektief nie verbuig word nie, soos in *'n geweldige siek kind*, maar ook soms wanneer dit wel verbuig word: *'n verskriklike besige stad*. Daar kan met reg beweer word dat ons hier met 'n verdere komplisering van die Afrikaanse grammatikale sisteem te make het, en Kotzé beveel aan dat pedagogiese grammatikas van Afrikaans die variasiemoontlikhede van adjektiewe (en hulle bepalers) deeglik verdiskonteer.

Peter Slomanson, in sy artikel "Convergent bootstrapping in syntactic reanalysis," vra hom af of daar nie 'n Maleis-Khoisan-sameswering (conspiracy) in die Afrikaanse sintaksis bespeur kan word nie. Hy maak 'n saak daarvoor uit dat Indonesies-Maleise tale (net soos Khoi) 'n substraatinvloed op sintaktiese eienskappe van Kaapse kontak-Nederlands kon hê, selfs waar konstruksies in dié tale net oppervlakkig met Nederlands ooreenstem. Die aanname is dat na heranalise 'n nuwe sintaksis gekonstrueer kan word deur die substraat op die doeltaal te pas bloot op grond van analoë oppervlakvolgordes, dit wil sê ook in gevalle waar die onderliggende grammatikale struktuur in werklikheid verskil.

'n Opvallende verskil tussen Nederlands en Afrikaans is die inkorporasie van skakelwerkwoorde by hoofwerkwoorde in die V2-posisie, soos blyk uit *Hierdie boek kom haal hy*. Hierdie inkorporasie vind ons ook in Khoi. Hierdie taal het egter ook modale inkorporasie, sodat die Khoimodel nie verklaar waarom *\*Hierdie boek moet bring hy* onaanvaarbaar is in Afrikaans nie. Slomanson wys na aanleiding van volgordes in verskillende Indonesies-Maleise variëteite (waarin die inkorporering van skakelwerkwoorde voorkom) daarop dat die voorkoms van werkwoorde in V2-posisie wel gesteun word deur oppervlakkige ooreenkomste met die Nederlandse V2, maar dat in dié variëteite – anders as in Khoi – modale werkwoorde juis *nie* geïnkorporeer word nie.

Hiermee, tesame met verskillende ander waarnemings, wil Slomanson aantoon dat die Oosterse substraat ondanks grondliggende grammatikale verskille met Nederlands en Khoi ook 'n bydrae tot die vorming van Kaapse kontak-Nederlands (en uiteindelik Afrikaans as sodanig) kon gelever het.

Carla Luijks, in haar artikel (geredigeer deur Hans den Besten en Frans Hinskens) met die titel "Connecting the Cape Dutch Vernacular with Orange River Afrikaans," situeer Oranjerivierafrikaans binne die verskillende variëteite van Afrikaans, en sosiolinguisties veral binne die akro-, meso- en basi-ekte van Kaaps-Nederlands, onderskeidelik verteenwoordig deur die dagboek van Johanna Duminy, dié van Louis Trigardt en die *Kaapse Taalargief*, en die taalgebruik van die bywoner Albach soos weergegee deur Trigardt.

Die taalgebruik in die briewe van Jan Jonker Afrikaner, 'n leier van die Oorlams ('n subgroep van die Griekwas, ook Khoi-sprekers) uit die tydperk 1863-1881 word geanaliseer om lig te werp op die rol van 'n moontlike Khoi-substraat, en word telkens vergelyk met ander variëteite as kontrole. 'n Opvallende kenmerk van die versameling briewe

is dat hulle op grond van verskillende taalverskynsels oor die algemeen as basilektiese Nederlands getipeer kan word, maar onverklaarbaar afgewissel word met akrolektiese briewe juis in die middelperiode.

Verskynsels soos die dubbele negasie van Afrikaans, werkwoordplasing in die hoof- en bysinne (onder meer die verdubbeling van hulpwerkwoorde soos *het* in sinne) word bespreek. Omdat die Oorlams ook sprekers van Khoi was (en hulle van die Kaap af weggetrek het waar hulle deel was van die taalopset daar) is dit waarskynlik dat strukturele parallele tussen Khoi en moderne Afrikaans ook vir sekere sintaktiese voorkeure in Afrikaans verantwoordelik is. Dit geld byvoorbeeld die eindplasing van die hulpwerkwoord *het*. Maar omdat dubbele negasie nie in die briewe aangetref word nie (en tewens seldsaam is in ou Kaapse argiefdokumente), ag Luijks die hipotese dat die Afrikaanse tweede ontkenning uit 'n Khoi-substraat afkomstig is, onwaarskynlik.

Hierdie artikel is veral waardevol omdat dit die verhouding van die Khoi-substraat tot die verskillende dialekte, sosiolekte en chronolekte van Kaaps-Nederlands en Afrikaans deeglik uiteensit en die aandag vestig op taalverskynsels en terreine wat in vroeëre navorsing afgeskeep is.

In haar artikel oor "werkwoord-tweede" (V2) in moderne gesproke Afrikaans, stel Theresa Biberauer die vraag of Afrikaans hom soos 'n tipiese V2-taal gedra: "How 'well-behaved' is Afrikaans?" Op grond van korpora van geskrewe en gesproke moderne Afrikaans en vroeë tekste, en binne 'n teoreties-sintaktiese raamwerk, beskryf sy uitvoerig die V2-verskynsel in Afrikaans, soos dit voorkom in *Sy het die boek gelees; Die boek het sy gelees*, en in die konteks van standaard- en nie-standaardvariëteite van tale soos Nederlands, Duits, Engels en die (Germaanse) Skandinawiese tale.

Die studie fokus veral op die voorkoms al dan nie van V2-strukture in ingebedde sinne, waar byvoorbeeld volgordes soos *Hy sê sy het die boek gelees*, *Hy sê dat sy het die boek gelees* en *Hy weet wat het sy gelees* ter sprake kom. Dit blyk dat Afrikaans se V2-gedrag uniek is binne die Germaanse konteks en nie duidelik inpas in die bestaande tipologie van V2-tale nie. Verskille tussen moderne Standaard- en gesproke Afrikaans kom aan die lig; die feit dat talle moedertaalsprekers nie eers daarvan bewus is dat die volgorde in *Hy weet wat het sy gelees* nie standaard is nie, dui byvoorbeeld op 'n verandering in sprekers se persepsie van wat tot die standaard behoort.

In uitings soos *Ons weet dat hierdie boek het sy nie gelees nie*, wat in die spreektaal voorkom, stem Afrikaans met die Skandinawiese tale ooreen – maar in albei gevalle slegs in informele registers. In soverre onder meer onderskei kan word tussen "well-behaved"-V2-tale soos Nederlands en Duits, en "limited embedded"-V2-tale soos Deens, Noors en Sweeds, lyk dit asof Afrikaans eerder by laasgenoemde groep hoort, maar 'n sistematiese tipe ingebedde V2 toelaat wat nie in ander Germaanse tale moontlik is nie.

Die kwessie van kreolisering kom opnuut ter sprake in Paul Roberge se artikel met die titel "Afrikaans and creolization." Teen die agtergrond van R.P. Botha se metodologiese uitgangspunt dat ernstige navorsing behoort uit te gaan van prinsipiële, eenheidskeppende teorieë, formuleer Roberge 'n twaalfstal stellings met betrekking tot die ontwikkeling van Afrikaans wat berus op 'n deeglike en uitvoerige beskrywing van taaltoestande aan die Kaap. Hy stel onder meer dat 'kreool' 'n sosiohistoriese eerder as 'n linguïstiese

konsep is en die Kaapkolonie inderdaad 'n kreoolse samelewing was. 'n Belangrike uitgangspunt is dat verskillende groepe nie noodwendig mekaar se tale wil leer beheers nie, maar primêr vorme van interetniese kommunikasie skeep wat aan hulle eie behoeftes moet voldoen – 'n "medium for interethnic communication" (den Besten et al. 2009: 212).

Die Kaaps-Nederlandse pidgin het die grondslag hiervan gevorm, maar 'n meer uitgebreide medium het binne die arbeidersklas ontwikkel. Roberge meen dat die linguistiese vernuwing waarmee dit gepaard gegaan het, grootliks onderskat word. Omdat die dominante groep sprekers aan die Kaap altyd relatief groot was in vergelyking met die arbeidersklas, was dit vir laasgenoemde moontlik om Kaaps-Nederlands aan te leer en terselfdertyd die interetniese medium uit te bou.

Die kreoolse gemeenskap aan die Kaap was aanvanklik 'n uiters komplekse "multidimensional space" (den Besten et al. 2009: 217), maar het geleidelik meer gefokus geraak namate sekere taalvorme vir hulle kommunikatiewe doeltreffendheid geselekteer geraak het. Teen die laat 18<sup>de</sup> eeu was die samelewing, ook die heersende klasse, steeds so gefragmenteer dat daar nie sprake is van 'Afrikaans' in die huidige sin van die woord nie. Andersyds was daar egter sterk sosiale skakels tussen verskillende rassegroepe, sodat taalvorme wat in die interetniese kommunikasiemedium ontwikkel het, na diegene wat hulle as koloniste of ou ingesetens beskou het, kon deurdring – synde positief gewaardeer as emblematis van die setlaarsamelewing.

As empiriese steun vir die gedagte van 'taalkonstruksie' behandel Roberge verskillende sintaktiese kategorieë in die ontwikkeling van die Afrikaanse ontkenning, en kom hy tot die gevolgtrekking dat nie een van die slawetale of Khoi die grondslag daarvan gevorm het nie, maar dat dit 'n volledig vernuwende struktuur is, met die tweede ontkenning 'n uitbouing van die Nederlandse slot-*neen*-versterking in taalhandelinge.

Ondanks sy voorkoms van geherstruktureerde (semi-gekreoliseerde) Europese taal, dit wil sê met Nederlands as doeltaal, verteenwoordig Afrikaans in werklikheid 'n fokus op bepaalde taalvorme en die diffusie daarvan na gelang van die herkonfigurering van sprekers se sosiale identiteite. Afrikaans moet as 'n kreoolse taal beskou word nie op grond van sinchroniese vergelykings nie, maar in die lig van ontstaansprosesse en veral sy sosiale geskiedenis.

Hans den Besten se artikel "Desiderata voor de historische taalkunde van het Afrikaans" is 'n gepaste afsluiting van die taalkundige afdeling van die bundel deurdat dit na 'n oorweging van vroeëre navorsing 'n program vir toekomstige navorsing wil formuleer. Hy toon met oortuigende voorbeelde aan dat dit die historiese taalkunde die moeite sal loon om sekere ou navorsingsterreine te herontgin.

'n Verdere ondersoek van die argivale gegewens mag byvoorbeeld meer lig werp op variasieverskynsels soos die saambestaan van twee relatiefkonstruksies in vroeëre fases van Afrikaans. 'n Verdere parallelle struktuur is die twee sisteme (partikels en pronomina) van die Afrikaanse possessief. Hy toon hoe ouer grammatikas – vanaf Du Toit 1897 tot Van der Merwe en Kempen 1952 word bekyk – lig kan werp op die mededinging tussen die sisteme.

Na 'n ontleding van die diskussie tussen veral G.G. Klooke en J. du P. Scholtz oor Suid-Hollands as moontlike 'stigtersdialek' van Afrikaans en die oordeel dat albei ook ten dele

ongelyk het, kom hy tot die gevolgtrekking dat hulle werk in dié verband “overgedaan en uitgebreid” moet word (den Besten et al. 2009: 245).

Dit verdien ook aanbeveling om verdere ondersoek te doen oor die herkoms van die slawe, ten einde vas te stel watter tale die grootste rol in die kontaksituasie aan die Kaap sou kon gespeel het. Hy toon aan dat die tipies Afrikaanse gebruik van *vir* en die *Pa-hulle*-konstruksie veral in die Oos-Maleise dialekte teruggevind kan word en die slawe uit hierdie gebiede dan ook goed verteenwoordig was aan die Kaap. Die diachroniese variasie-ondersoek staan nog in sy kinderskoene en oor die substraattale is nog baie min bekend.

Ter afsluiting kan gesê word dat hierdie publikasie ’n veelsydige blik bied op Afrikaans en die soort navorsing wat tans veral op taalkundige gebied oor Afrikaans gedoen word. Buitetalige oriëntasies op die kulturele, maatskaplike en historiese kontekste waarin Afrikaans funksioneer, vind ons in artikels van Frans Hinskens, Abraham de Vries (eerste artikel – wat ongelukkig deur talle tikfoute ontsier word) en Paul Schutte. Abraham de Vries se tweede artikel is ’n insiggewende oorsig oor die historiese ontwikkeling van die kortverhaal en die kragte wat daarop inwerk terwyl die artikel van Jerzy Koch ’n belangrike literêr-teoretiese kwessie aan die orde stel, maar die afwesigheid van soortgelyke besprekings oor byvoorbeeld die prosa en poësie en talle ander teoretiese temas is uiteraard ’n leemte in die bundel.

Aan die taalkundekant lê die grootste leemte aan die sinchroniese kant. Die bundel het egter wel ’n duidelike taalkundige fokus. Die meeste van die artikels, ook dié van Anna Coetzee wat in die kulturele afdeling geplaas is, het die kwessie van kreolisering en ander kontaksituasies as tema of behandel Afrikaans in elk geval kontrastief, met sintaktiese ontledings volgens die jongste benaderings (byvoorbeeld die artikel van Theresa Biberauer). Terwyl Paul Roberge se pessimisme (2009: 228) oor die toekoms van die historiese taalkunde van Afrikaans myns insiens heeltemal geregverdig is, kan die gehalte van die artikels in die bundel en die voortgesette belangstelling in die probleme en moontlikhede van Afrikaans, ook en veral van *extra muros* – en dit geld nie net die taalkunde nie – nie anders as om Suid-Afrikaanse navorsers te inspireer nie.

**Jac Conradie**

Departement Afrikaans, Universiteit van Johannesburg

jacc@uj.ac.za